**GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D6 &D7**

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES IN KONTEKS

**GRAAD 11**
**JUNIE 2017**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## Nuwe navorsing oor katte gaan dalk verbaas

1 As ons ná werk by die huis kom, spring jou hond gewoonlik opgewonde voordeur toe, terwyl dit lyk asof jou kat glad nie gepla is nie.

2 Maar ná jare se onregverdige stereotipering dat hulle hoogmoedig en selfsugtig is, het die wetenskap ons eindelik laat verstaan wat in die kat se kop aangaan. En dit lyk asof hul yskoue houding eintlik niks anders nie as toneelspel is.

3 Volgens navorsing wat aan die Oregon Staatsuniversiteit in Amerika gedoen en onlangs gepubliseer is in die tydskrif Behavioural Processes, wat die gedrag van diere verklaar, is wetenskaplik bewys katte is inderwaarheid lieftallige diere. In die studie het dit uitgekom katte hou meer van interaksie met mense as van eet.

4 Navorsers het vir die doel van die studie 50 katte - uit skuilings en uit mense se huise - ure lank sonder kos, speelgoed en enige interaksie met mense gelaat. Toe bied hulle die katte vier verskillende soorte stimulasie: menslike interaksie, kos, reuke en speelgoed en hulle maak 'n opname van die tyd wat die katte aan elke aktiwiteit bestee het.

5 Die navorsers het uiteindelik al vier soorte stimulasie tegelykertyd aan die diere gebied en hulle toegelaat om hul gunsteling te kies. Elke kat is in die middel van 'n kruis geplaas, omring deur sy gunsteling uit elk van die vier stimuli, en hy kon vryelik loop waar hy wou.

6 Die bevinding was hoewel hul gedrag verskil het, die meeste katte verkies het om met mense te sosialiseer, eerder as om kos te eet. Die meeste van die katte in die proefneming het na die aandag van mense gesmag teenoor enige ander stimuli, terwyl slegs 37 persent kos verkies het.

7 Die navorsing het ook getoon geen merkbare verskille bestaan tussen huiskatte en dié wat uit skuilings kom nie. Dit beteken dat katte, of hulle nou 'n huis het of nie, liefde meer as enigiets anders begeer.

8 "Ons het gevind dat 50 persent van die katte wat getoets is, interaksie met die sosiale stimulus verkies het, hoewel hulle 'n direkte keuse gehad het tussen sosiale interaksie met 'n mens en hul gunsteling uit die ander drie stimuluskategorieë."

9 Ander navorsing het konsentreer op die ooreenkoms tussen die huiskat en die leeu of jagluiperd in die natuur. In die dokumentêre film *Soul of the cat* sê Dereck en Beverly Joubert dat die enigste verskil tussen jou huiskat en sy bosfamilie sowat 240 kg is.

10 "Huiskatte is net kleiner en natuurlik makker, verder is hulle presies dieselfde as hul bosfamilie wat hul gebied en familie wil besit, met hulle prooi speel, boom klim en met hul naels krap," sê Dereck vanuit Botswana, waar hulle woon.

11 Katte is net so territoriaal soos hul wilde eweknieë, sê hy.

12 Hulle merk hul gebied deur te urineer én hulle merk hul familie deur teen hulle te skuur. "Hy wil sy reuk aan jou afsmeer, want hy wil hê julle moet dieselfde ruik. Dis sy manier om te sê dat hy jou aanvaar as deel van sy familie."

13 Leeus doen dieselfde in die natuur. Katte se belangrikste behoefte is 'n eie gebied waar hulle veilig is en kos het. "Dit het alles te doen met sy behoefte aan sekuriteit. As hy dit nie het nie, gaan hy 'n ander gebied en familie soek."

14 Het jy al agtergekom dat jou kat veral in die aand en vroegoggend meer eet?

15 Dit is omdat alle katte - mak en wild - se natuurlike jagtyd meestal rondom 02:00 is.Dit is ook dan wanneer huiskatte se wilde kant kop uitsteek. "Dis amper soos dr. Jekyll en mnr. Hyde. Dink maar aan die katgevegte en kermgeluide wat jy soms in 'n woonbuurt in die nag hoor," sê Dereck.

16 As hulle nie jag nie, slaap hulle 80% van die tyd."Die rede daarvoor is dat katte baie intense energieontploffings ervaar wanneer hulle jag of aktief is en dan weer moet rus om te herstel. Al jag jou huiskat dalk minder, het enige kat 'n sekere tyd in die dag wanneer hy gaan rondloop of speel om van die energie ontslae te raak," sê Beverly.

17 Daar het julle dit. Jou skynbaar selfsugtige kat is 'n leeu in die kleine wat moontlik jou liefdevolle vryf onder sy ken bo sy kos verkies.

[Verwerk uit: *http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen*]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




**Cheetahs: 'n rugbyspan. Vertaling: jagluiperd.**
**Crusaders: 'n rugbyspan**

[Uit: *Volksblad,* 29 April 2017]

## VRAE: TEKS A

1.1 Herlees paragraaf 1-2.

1.1.1 Hoe word katte in paragraaf 1 gestereotipeer? (1)

1.1.2 Wat is die werklike rede vir die katte se houding? (1)

1.2 Katte is lieftallige diere.

Is dié stelling 'n feit of 'n mening? Bewys jou antwoord uit paragraaf 3 én haal 'n woord uit paragraaf 6 aan om jou bewys te ondersteun. (2)

1.3 Dink jy dit was geregverdig om katte vir ure sonder kos te laat ter wille van 'n eksperiment? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.4 Noem die VIER stimuli waaruit die katte tydens die eksperiment kon kies. (4)

1.5 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 4.

Dink jy die bevindings in paragraaf 6 is betroubaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.6 Hoe stem die bevinding in paragraaf 7 met hondegedrag ooreen? Haal uit paragraaf 8 'n frase aan wat by jou antwoord aansluit. (2)

1.7 Wie is die bosfamilie van die huiskat? Gee EEN verskil, volgens Joubert, wat tussen die huiskat en sy bosfamilie bestaan. (3)

1.8 Gee die hoofgedagte van paragraaf 10 in een volsin. (1)

1.9 Hoe weet jy wanneer 'n kat territoriaal optree? Gee TWEE redes waarom 'n kat so optree? (3)

1.10 Herlees paragraaf 3 en 13.

Noem TWEE dinge wat 'n kateienaar kan doen om die kat se behoefte aan sekuriteit te bevredig? Dink jy leeus in die natuur het dieselfde behoefte aan sekuriteit? Motiveer jou antwoord. (3)

1.11 Verduidelik wat die benaming dr. Jekyll en mnr. Hyde binne konteks van die teks beteken. (Dr Jekyll en mnr. Hyde verwys na 'n persoon met twee persoonlikhede. Een daarvan goed en een boos.) *Voeg hierdie agtergrondinligting in asb*. (1)

1.12 Waarom slaap katte 80% van hul tyd om? (1)

1.13 Hoe sluit die slotparagraaf by die titel van die teks aan?. (2)
**[26]**

## VRAE: TEKS B

1.14 In watter opsig weerspreek SPRAAKBORREL 2 die woorde in RAAMPIE 1? (1)

1.15 Dink jy die Crusaders/Kieran Read het verwag om deur die Cheetahs getakel te word? Gee EEN rede en EEN visuele aanduiding in die spotprent om jou antwoord mee te bewys. (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.16 Hoe sluit die konteks van SPRAAKBORREL 3 by die onderstreepte woorde in paragraaf 15 van TEKS A aan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE redes waarom Réunion 'n outentieke eilandervaring** is.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

## Réunion, 'n lafenis en 'n outentieke eilandervaring.

Réunion 'n tropiese eiland in die Indiese Oseaan, is wel deel van Frankryk, maar behoort op 'n kluitklaplys te verskyn.

Wanneer jy Réunion besoek, kan jy spog dat jy op die rand van 'n aktiewe vulkaan geloop het. Die Piton de La Fournaise, een van die wêreld se mees aktiewe vulkane, het die landskap gebeitel tot 'n surrealistiese toneel van soliede lawa en kraters. Maar as jou idee van 'n tropiese eiland egter wit strande en turkoois waters insluit, sal dié eiland nie teleurstel nie. Die weste van die eiland, en die poskaart-dorpie van Saint-Paul is die ideale plek. Al gehoor van 'n glasbodemboot? In Réunion doen hulle dit beter. Saint Paul se toeristekantoor kan vir jou 'n rit op 'n deurskynende kajak organiseer om die koraalrif te beleef, sonder om nat te word.

As jy hou van fusionkos met inspirasie van ander kulture, sal jy mal wees oor Réunion se cuisine. Die eiland kombineer invloede van die wêreld se lekkerste kookkulture, Frans, Indies en Chinees. Om dinge nog beter te maak, sal jy jouself kan vergryp aan heerlike fyngebak soos croissants en makrolletjies. Nou wie het gesê jy moet Parys toe gaan om 'n ordentlike pain au chocolat op te spoor?

Die eiland is 'n paradys vir adrenalienvrate, hier kan jy kies en keur tussen sportsoorte wat jou (en jou ma) se bloeddruk sal opjaag. Jy kan die skeurvalleie in die berge verken in 'n canyonavontuur of as jy van meer bedeesde aktiwiteite hou, kan jy gaan snorkel.

Hell-bourg is 'n stukkie hemel in Réunion se berge. Die agtergrond van smaraggroen berge troon bokant die kleurvolle dorpie uit en vorm 'n natuurlike amfiteater. Dit is 'n goeie plek om vir 'n paar dae te bly, as jy een val die talle staproetes in die omgewing wil verken. Die dorpie self bied ook talle fotogeniese geleenthede.

As Suid-Afrikaner het jy nie 'n visum nodig om dié eilandparadys te besoek nie. Réunion verdien sowaar sy plek op die fynproewertoeris se kluitklaplys.

[Verwerk uit: http://reismier.com/tien-redes-waarom-jy-reunion-eiland-moet-besoek/]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie **(TEKS D)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Uit: *Kook en kuier,* April 2017]

**VRAE: TEKS D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Benoem die onderstreepte klank in die etiket. | (1) |
| 3.2 | Identifiseer die taalfout in reël 1-3 en korrigeer die taalfout. | (1) |
| 3.3 | Haal die woorde uit reël 4-5 aan wat die leser oorreed om die produk te koop. | (1) |
| 3.4 | Gee die vergrotende trap vir die woord 'nuut' | (1) |
| 3.5 | Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 4? | (1) |
| 3.6 | Gee die stam van die onderstreepte woord in reël 4. | (1) |
| 3.7 | Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 6 as 'n bepaler in 'n sin van jou eie. | (1) |
| 3.8 | Motiveer waarom *tuisgebakte* (reël 7) 'n kompleks is. | (1) |
| 3.9 | Haal 'n voorbeeld van 'n abstrakte selfstandige naamwoord uit reël 9-12 aan. | (1) |
| 3.10 | Waarom word *"Dip 'n Ouma"* in aanhalingstekens geplaas? | (1) **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIES**

Bestudeer die strokies **(TEKS E** en **TEKS F)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Uit:http://www.netwerk24.com]

**VRAE: TEKS E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Gee die meervoud van die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL 1. | (1) |

4.2 Gebruik *kan* in SPRAAKBORREL 1 as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin van jou eie. (1)

4.3 Vervang die woord in SPRAAKBORREL 2 met 'n ander Afrikaanse woord/woorde wat min of meer dieselfde beteken. (1)

4.4 Herlees SPRAAKBORREL 3 en 5.

Maak die seun die korrekte afleiding in SPRAAKBORREL 5? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die woord in SPRAAKBORREL 5? (1)

**EN**

**TEKS F**




[Uit:http://www.netwerk24.com]

**VRAE: TEKS F**

4.6 Beskryf die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL1 met 'n adjektief/ byvoeglike naamwoord. (1)

4.7 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in SPRAAKBORREL 2. (1)

4.8 Benoem die voornaamwoord wat in SPRAAKBORREL 3 onderstreep is. (1)

4.9 Herskryf die tweede sin in SPRAAKBORREL 2 in die verlede tyd. (1)

4.10 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Die (ry) polisiemanne het hul perde nie soos donkies behandel nie. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel **(TEKS G)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

**Nie 'n 'Skype'-ouma nie**

1 Die tweejarige handjie in myne voel sag soos net 'n klein kindjie (5.1) s'n kan. Ons stap straataf om 'n bietjie uit die huis te kom waar ons (5.2) weggekruip het vir die suidooster.

2 Hy stap met selfvertroue, hoewel hy skrik vir die (5.3) eekhoring wat skielik voor ons oor die pad skarrel en teen die denneboom op verdwyn. Hy sukkel om "eettorintie" uit te kry en die wind waai die groot woord weg voor hy nog kans kry om die (5.4) ratse diertjie mooi te bekyk.

3 Ons kinders is weg vir die naweek en die twee woelwaters kuier by ons. Ek verduidelik (5.5) mooi dat hy vanaand by my gaan slaap en boetie by oupa. Ek staal my vir 'n tranedal.

4 Hy bly 'n rukkie stil en kyk op na my. Totaal teen my verwagting in, (5.6) sê hy: "Ek hou van jou." Net daar vermurwe my hart en ek weet daar is niks lekkerders as om 'n ouma te wees nie!

5 Ek is so dankbaar dat ek 'n ouma kan wees wat my sewe kleinkinders se warm lyfies kan vertroetel, eerder as 'n ouma (5.9) ... 'n skerm aan wie kleinkinders nie kan raak nie.

6 Ronelle Van Loggerenberg, Somerset-Wes
[Uit: *Sarie*, April 2017]

**VRAE: TEKS G**

5.1 Wat is die funksie van die aanhalingstekens by "eettorinkie" in paragraaf 2? (1)

5.2 Wat is die denotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde in paragraaf 1? (1)

5.3 Gee die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.4 Gebruik die antoniem van die onderstreepte woord in 'n verduidelikende sin van jou eie. (1)

5.5 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.6 Herskryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 4 in die indirekte rede. (1)

5.7 *Ek staal my vir 'n tranedal.*
*Hy bly 'n rukkie stil en kyk op na my*

Verbind die sinne met behulp van die voegwoord *Terwyl.* Begin jou sin met *Terwyl ...* (1)

5.8 ’n **Kleinkind** verskil in betekenis van ’n **klein kind**.

Maak ’n sin met ***klein kind*** sodat die betekenisverskil duidelik blyk. (1)

5.9 Voltooi die sin in paragraaf 5 deur slegs die ontbrekende voorsetsel neer te skryf. (1)

5.10 Korrigeer die spelfout in paragraaf 6 deur die woorde oor te skryf en die woord wat se spelling gekorrigeer is te onderstreep. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**